NEWSLETTER, NUUSBRIEF – April 2013

Ek was bietjie skaars die laaste maand of wat. Soos baie van ons lede is ek nie net ‘n Nguni boer nie en dus het die Maart nuusbrief bietjie agterweë gebly. Die jaar is besig om met ‘n ernstige spoed verby te jag. Party dae voel dit asof ons maar net passasiers is op die vliegtuig is. Die inspeksies is verby en die winter is op ons voorstoep.

Ons nuusbrief gaan van die maand af bietjie meer op ons lede begin fokus. Dis lekker om op diere en boerdery beginsels te fokus, maar ons as bestuur het besluit om meer by ons mense uit te kom. Dis mos eintlik primêr waarom ons beeste bestaan. Ons sal elke maand ‘n paar lede in die nuusbrief bekend stel. Ons is bevoorreg met baie lede in die klub, maar dit maak my taak redelik moeilik om almal spoedig in die nuusbrief bekend te stel. Ek sal by elke lid uitkom. Ons wil graag mooi fotos kry (van die teler en die beeste) en ‘n paar vrae aan jou stel. Hou jou selfoon of epos dop.

Die maand het ek dit goed gedink om te begin met die Top Nguni Teler in die Noordelike Nguni Klub – Dr. Paul Meulenbeld. Ons het tydens die Algemene Jaarvergadering die vrugbaarste telers in die klub evalueer en Dr. Meulenbeld is bo aan die lys. Dr. Meulenbeld is ‘n baie wetenskaplike teler wat boer in die Bronkhorstpruit area. Die Wilgerant Nguni Stoet is geregistreer vanaf 1997 met ‘n huidige gemiddelde TKP van 355. Lees gerus Dr. Meulenbeld se artikel in die Farmers Weekly van die eerste week in April. Hy vra die vraag of Nguni Telers die waarde van goeie melk eienskappe van die Nguni agterwee laat en te veel fokus om tipiese Ngunis te teel?

Dit het my nogals laat dink. Hoekom teel ons Ngunis? Dis ‘n vraag wat elke teler moet antwoord. Die Nguni ras is werklik divers alhoewel ons bepaalde ras eienskappe van die genootskap toepas. Die diversiteit gee ons as telers genoeg spasie om die Nguni te teel wat vir jou vreugde bring. As ons dit nie geniet nie, dan is dit sekerlik nie die moeite werd nie. Wat my laat wonder is (om aan te sluit my Dr. Meulenbeld se artikel) – boer ons met ‘n werklike ekonomiese ras vir die stoet sowel die kommersiële bedryf? Of is ons besig om mooi beeste te teel wat sogenaamd tipies is en mooi om na te kyk?

Die onderwerp van prestasie meeting is al telke male bespreek spesifiek in die Nguni bedryf. Of jy daarvoor of daarteen is – die punt is nogsteeds wat is jou maatstaf in jou boerdery met die oog op ‘n langtermyn bevordering tot die ras? Dr. Meulenbeld gebruik prestasie meeting soos genoem in sy artikel om die melk eienskappe van sy koeie te bevorder. Dit lyk of dit werk, want hy is op die stadium die vrugbaarste teller in die Noordelike Nguni Klub.

As ek so deur die nuwe joernaal blaai dan is meeste telers se fokus vrugbaarheid, gehardheid en aanpasbaarheid. Gehardheid en aanpasbaarheid word bepaal deur die area waar jy koop en boer, kudde bestuur en die tydperk wat dit vir die dier neem om op jou plaas aan te pas. Vrugbaarheid aan die anderkant is ‘n meer ingewikkelde gesprek as om bloot ‘n sogenaamde “typie” Nguni te koop. Vrugbaarheid word bepaal deur genetika, bestuur en primêr deur voeding. Ek is nie ‘n prestasie meeting deskundige nie, maar ons neem deel aan die LNR skema. In ons kudde selekteer ons vir suiwer, vrugbare, produktiewe diere – met ander woorde die koei moet nie net elke jaar kalf nie, sy moet ook ‘n groot genoeg kalf grootmaak wat nie haar kondisie agterlaat nie. Dan moet die kalf groot genoeg wees om ‘n kommersiële lewensvatbare produk in die mark te kan stel.

Suiwerheid of “typie” Ngunis is krities tot die bestaan van die ras, maar dit is egter oop vir opinie en die bemarkings vermoë van die teler. ‘n “Typie” Nguni wat ‘n kalf van 120kg speen kan sekerlik nie ekomonies lewensvatbaar wees nie? Prestasie toetsing aan die anderkant is so in die minderheid in die Nguni ras dat die teelwaardes in baie gevalle nie sin maak nie.

Soos enige enige iets in die lewe moet alles in balans wees. Die antwoord is dan miskien dat ons suiwer Ngunis moet teel, maar dat ons moet meet om vir ons mark te kan bewys dat ons stoet en komersieel lewensvatbaar is…

LEDE NUUS/NEWS:

We would like to congratulate the following Top Five Northern Nguni Club most fertile stud breeders:

Breeder Name	Herd Name	Ave. ICP*
Dr. Paul Meulenbeld	Wilgerant Ngunis	355
Dr. Hans van de Pypekamp	Siyabuswa Nguni	356
Mev. Berina Joubert	Fatone Ngunis	359
Mr. Arno Bothma	Arno Bothma Ngunis	360
Theo van Heerden, Charl Enslin	Komoetie Nguni Stud	365

***Fertility based on average ICP per herd.**



LEDE BEKENDSTELLING

Wilgerant Nguni Stoet: Dr. Paul Meulenbeld

Vinnige Feite:

Stoet Naam:	**Wilgerant Nguni Stud**
Eienaar:	**Dr. Paul Meulenbeld**
Getal Diere:	**186**
Gem. TKP	**355**
Area:	**Bronkhortspruit**
Beroep:	**Grondwater Geofisikus**
KKM	**PMP**

Wilgerant Nguni stoet het ontstaan in vroeg 1997 uit die Spankop vroulikekudde van Dr Francois de Villiers (Cullinan) en ‘n Swazi/Bartlow Combine bul van Mnr Engelbrecht van Luneburg, alhoewel voor 1997 kommersiëel geboer is met Simmentaler en Bonsmara beeste. Die oorgang na Nguni beeste is deur myself begin en deur die oorspronklike kudde te vervang met opregte Nguni-beeste omrede die kostes verbonde aan arbeid, insette (Diesel, voedsel soos kuilvoer en hoë veeartsrekeninge vir kalfprobleme, bosluisoordraagbare siektes en oogkanker by sekere Simmentalers) onekonomies geword het. Daar is aanvanklik besluit om oor te skakel na ‘n inheemse beesras, omdat dié deur my geag word as mak wild vanweë sy aanpassing aan die natuur en min verskuilde kostes. ‘n Keuse moes gemaak word tussen die Afrikaner en Nguni, maar die Nguni is verkies omdat die Afrikaner-beesras verongeluk is deur verkeerde keuring/seleksieprosesse en ‘n te hoë interkalwingsperiode as gevolg van verkeerde seleksie (soos vervat in die proefskrif van Dr H Heyns). Die tyd rondom 1999 was ryklik gekroon deur talle kudde uitverkopings (PJD Nel te Warmbad, Dedekind en Kohrs te Magudu, De Jager te Elandslaagte, Skombuza te Pietersburg en daarna Kwalata te Vaalwater) waar goeie genetika bekom is om die kudde verder uit te brei. Die genetiese diversiteit het die verskillende eienskappe van die Nguni duidelik uitgewys, veral die melkpotensiaal. Huidiglik bestaan die kudde uit sowat 65 teeldiere. ‘n Hoogtepunt vir die stoet was om in 2011 as naas-wenner te eindig in die LNR Mpumalanga veeverbeteringstoekennings waar meegeding is met al die ander beesrasse. Studies aan die Universiteit van die Vrystaat en veral in veekunde met klem op vrugbaarheidsverbetering by die Nguni vorm ‘n belangrike fondasie in die teelbeleid. Die boerdery wil graag ‘n balans behou tussen al die Nguni se uitstaande kenmerke en so word ‘n kleinraam bees geteel op arm sandgrond wat in die laaste 16-jaar geen dipmiddels gesien het nie in hierdie dominante Rooiwater en Galsiekte omgewing. Die bestaan van die stoet word beïnvloed deur ontwikkelinge by Kusile kragsentrale.

Die toekoms van die Nguni-beesras lê grootliks in die hande van die stoetteler. Na my onlangse artikel in die Farmer’s Weekly en die daarop volgende reaksie is dit duidelik dat die ras gedryf word deur óf eie belang óf die funksionele doeltreffende voortbestaan van die ras. Elke teler moet besluit waar sy/haar belange gesetel is en daarvolgens groepeer. Stoetteling behels meer as die paar van beeste wat in elk geval plaasvind. Dit is gebaseer op ‘n visie en teeldoelwitte. Die fondasie van die teling en die uiteindelike visie met teeldoelwitte bepaal sukses of mislukking.

Wanneer die klem op fenotipe geplaas word het die ras min om te vrees solank daar wegbeweeg word van genetiese – en omgewingsteurings soos byvoeding, kleurseleksie en misplaaste seleksie/keuring. Interessant kom die meeste ondersteuning vir fenotipe bevordering uit tradisionele Nguni-gebiede soos Noord-KZN, die ou Transkei en Ciskei (Visrivier) omgewings vanuit wit en swart gemeenskappe (soos verkry uit reaksie gebaseer op my artikel). Verslegtende sosio-ekonomiese toestande in die land en die swak toepassing van die reg plaas 'n bedreiging op veilige landbou-omstandighede.

Dr Paul Meulenbeld is 'n alleenloper wolf vanweë die soort werk wat hy beoefen. Opgelei as 'n grondwater geofisikus het werksgeleenthede hom gestuur in die omgewingsveld waar hy vir sewe jaar by Anglo Coal gewerk het in uiters moeilike en diskriminerende toestande met min werksekuriteit waar hy dikwels mynbestuur gewys het op onwettige praktyke en dié se gevolge vir ander watergebruikers. Hy het goeie rehabiltasieprogramme geloots en was die enigste persoon in die Witbank damopvangsgebied wat 'n verbetering in waterkwaliteit na die Olifantsrivier kon toon. In 2009 is sy rehabilitasiekontrakteur/boer op die plaas Goedehoop vermoor (Mnr P Honeyborne) vermoedelik deur mynsekuriteit waarna hy by die Department van Waterwese aangesluit het. Hy het die eerste hofsake rakende mynbou en vleilandvernietiging in Suid-Afrika in die Ermelo hof gewen. Benewens Nguni-stoetteling is hy ook die stigter van die bedreigde swartpootkat teelprojek (deur Nedbank bekroon) met Mpumalanga Toerisme en Parkeraad by Loskopdam NR wat een van die min suksesvolle sulke teelprojekte in die land is. In die bou van die aanhouhokke is veel klem geplaas op habitatskepping en beskerming teen natuurlike vyande om spanning (stress) te verlig. Gedurende 2011 het hy dit reggekry dat Anglo Coal meer hokke bou namate die katfamilie groei. Hy is ook 'n voorstaande kenner en versamelaar van Suid-Afrika en internasionaal se gesteente en minerale rykdom en is meesal tydens vakansies besig in die veld om die geologiese verlede na te spoor met interessante gevolge.

Swartpootkat te Loskopdam NR

Unieke 3-kleur teling uit Swazi/Shangaan

Jong Swazi-bul

Jong koei met kalf (Pedi-bloedlyn)

3-Kleur koei met sterk Swazi/Shangaan-bul.

Jong koei met goeie melkeienskappe

VEILINGS, AUCTIONS

It is important to note the auctions in the NNK geographical area – click on the link to find more information on these auctions:

- **Springbokvlakte Veiling**: 18 May 2013 (Mookgophong, Naboomspruit)
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp

- **Genetics for Africa Internet Auction**: 22 April – 4 May 2013
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp

- **Hoëveld Bul Projek Veiling:** 1 Junie 2013 (Potchefstroom)
- http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp

Indien daar enige ander veilings is wat u wat van bewus is – stuur asb. die inligting na n.nguni.club@gmail.com.

PHOTOS:

We attended the Highveld Nguni Club Auction held, Saturday 13 April 2013. The Highveld Club always provides top quality Ngunis. This year they changed the venue to the Mondoro Lodge near Heidelberg – it was a very picturesque auction. The Zulu King, King Goodwill Zwelithini, attended the auction to everyone's surprise. Well done to Arno Oosthuizen and his committee for an excellent auction. View below some pictures I took of the auction.

Theo van Heerden | PO Box 101107 Moreleta Plaza | 0167 | 0828737399 | N.Nguni.Club@gmail.com

BESTUURSLEDE INLIGTING, MANAGEMENT INFORMATION

VOORSITTER: Ray Keeny (Rustenburg) – 0824548476
ONDER-VOORSITTER: Braam Dekker (Louis Trichardt) – 0829292358
SEKRETARIS: Theo van Heerden (Pretoria) – 0828737399
FINANSIES: Charlene Forssman (Pretoria) – 0828224568
VEILINGS: Dr. Pierre Bester (Naboomspruit) – 0828930349
PROMOSIES: Magriet van der Walt (Louis Trichardt) – 0829476968
PROMOSIES: Ephraim Tshabalala - 0739332870
OPLEIDING: Prof. Eddie Green (Pretoria) – 0824530728

Nguni groete,

Theo van Heerden
082 8737399
n.nguni.club@gmail.com
Sekretaris
(Namens die bestuurskomitee)